

# Kom geniet 'n Vrugtefees saam met die Heilige Gees

## Tema 7 – Die Vrug van die Gees is Nederigheid en Selfbeheersing

### Uitkoms

Kinders kies om nederig te wees en met selfbeheersing op te tree.

### Inleiding – Poppekas

Kyk saam na die poppekas video van Sjef Fruity & Arabella.

Youtube - [https://youtu.be/E8\\_UjA-TZDs](https://youtu.be/E8_UjA-TZDs) (ongeveer 13.5MB / 03:08)

### Boodskap – Oom Chris

Kyk saam of luister saam na die video of mp3-file van vandag se boodskap deur oom Chris.

Youtube - <https://youtu.be/74oGTJWzQLQ> (ongeveer 15.8MB / 11:46) OF

MP3 - <http://www.parke.co.za/kinderpinkster2020/boodschap07.mp3> (1.26MB / 11:05)

### Memoriseervers

2 Korintiërs 3:18 “Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word... Dit doen die Here wat die Gees is.”

Galasiërs 5:22-23 “Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goeiehartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.”

Johannes 15:5 “Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.”

### Storie

*Ek behoort aan u*

In die tyd voordat slawerny in Amerika stopgesit is, sou 'n mooi Neger slaaf eendag op 'n veiling verkoop word. Hy het gesien dat 'n man wat soos 'n uitlander lyk, voorloop met die bieëry op hom. Wanneer iemand anders begin voorloop, het die man net meer geld vir die slaaf aangebied. Die slaaf het geweet dat as 'n buitlander hom koop, hy van sy gesin en sy familie geskei sou word en dat hy hulle heel waarskynlik nooit weer sou sien nie. Hy het begin om op die man te vloek en het vir hom geskree: “As jy my koop, sal ek nooit vir jou werk nie. Ek sal eerder doodgaan as om vir jou te werk. As jy my koop, sal ek jou probeer doodmaak!”

Maar die man het aangehou bly en uiteindelik is sy bod aanvaar. Hy het die geld betaal, die koopbrief gekry en na die slaaf gestap. Die skare wou graag sien wat volgende gaan gebeur. Hoe gaan die man die slaaf, wat nou aan hom behoort, straf vir sy parmantige optrede? Toe die man by die slaaf kom, gee hy die koopbrief vir hom en sê: “Vat dit, jy is 'n vry man.”

Die slaaf het eers heeltemal verbaas gelyk. Toe val hy op sy knieë voor die man neer. “Meneer, sê hy, “noudat ek vry is, sal ek vir u werk en gaan net waar u wil hê. U huis sal my huis wees. Al u wense sal ek uitvoer. Ek behoort aan u.”

*Bespreek:*

1. Waarom was die slaaf bereid om vir die man te werk nadat die man hom vrygemaak het?
2. Hoe laat die uitlander ons aan God dink?
3. Hoe laat die slaaf ons aan onself dink?

In Romeine 8:14-15 skryf Paulus: “Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God. Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep ‘Abba!’ Dit beteken Vader.”

As God jou deur Christus van sonde vrygemaak het, is jy ‘n kind van God. Leef dan elke dag uit dankbaarheid op so ‘n manier dat ander kan sien dat jy aan Hom behoort. Wys dat die Heilige Gees in jou woon deur die vrug van die Gees – liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing – uit te leef.

## **Aktiwiteit**

*SELFBEHEERSING – Malvalekker toets*

Liewe Ouer

Speel gerus hierdie speletjies met u kind.

Stel u kind voor ‘n keuse. Plaas enige lekker soos ‘n malvalekker of klein sjokolade voor u kind. Sê vir u kind dat hy dadelik die malvalekker kan kry, óf, as u kind sou wag terwyl u vir ‘n paar minute lank die vertrek verlaat, kan hy twee malvalekkers kry wanneer u terugkeer.

Party kinders sal dadelik die malvalekker eet terwyl ander dalk hul oë sal toemaak of ‘n liedjie sal sing terwyl hulle moet wag.

Beloon u kind dan met die tweede lekker wanneer hy die regte tyd gewag het.

Kyk gerus na hierdie kort video na die uitkoms van hierdie toets van selfbeheersing. (<https://www.instagram.com/tv/CAVfnPAph3e/?igshid=g3155q0804mh>)

*NEDERIGHEID & SELFBEHEERSING – Geheime kode*

Kyk of jy hierdie geheime kode kan ontsyfer. (Sien die syferblad op die volgende bladsy.) Elke letter van die alfabet het ‘n nommer. Kyk of jy kan uitwerk wat staan in hierdie teksvers, deur die regte letter by elke syfer te skryf.

Kan jy onthou van watter 2 vrug van die Gees het Sjef Fruity en Arabella gepraat het vandag? Lees hierdie teksvers in Gal 5 vers 22.

|   |   |   |   |   |   |   |   |   |    |    |    |    |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|----|----|----|----|
| a | b | c | d | e | f | g | h | i | j  | k  | l  | m  |
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 |

|    |    |    |    |    |    |    |    |    |    |    |    |    |
|----|----|----|----|----|----|----|----|----|----|----|----|----|
| n  | o  | p  | q  | r  | s  | t  | u  | v  | w  | x  | y  | z  |
| 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 |

|   |   |   |    |    |    |   |    |   |    |   |   |   |
|---|---|---|----|----|----|---|----|---|----|---|---|---|
| 4 | 9 | 5 | 22 | 18 | 21 | 7 | 22 | 1 | 14 | 4 | 9 | 5 |
|---|---|---|----|----|----|---|----|---|----|---|---|---|

|   |   |   |    |   |    |    |   |   |   |   |   |    |    |   |   |   |
|---|---|---|----|---|----|----|---|---|---|---|---|----|----|---|---|---|
| 7 | 5 | 5 | 19 | 9 | 19 | 12 | 9 | 5 | 6 | 4 | 5 | 22 | 18 | 5 | 4 | 5 |
|---|---|---|----|---|----|----|---|---|---|---|---|----|----|---|---|---|

|    |    |   |    |   |   |   |   |   |   |    |    |   |
|----|----|---|----|---|---|---|---|---|---|----|----|---|
| 22 | 18 | 5 | 21 | 7 | 4 | 5 | 7 | 5 | 4 | 21 | 12 | 4 |
|----|----|---|----|---|---|---|---|---|---|----|----|---|

|    |    |   |   |    |   |   |    |   |    |   |   |   |   |
|----|----|---|---|----|---|---|----|---|----|---|---|---|---|
| 22 | 18 | 9 | 5 | 14 | 4 | 5 | 12 | 9 | 11 | 8 | 5 | 9 | 4 |
|----|----|---|---|----|---|---|----|---|----|---|---|---|---|

|   |    |   |   |   |   |    |    |   |   |   |   |   |   |
|---|----|---|---|---|---|----|----|---|---|---|---|---|---|
| 7 | 15 | 5 | 4 | 8 | 1 | 18 | 20 | 9 | 7 | 8 | 5 | 9 | 4 |
|---|----|---|---|---|---|----|----|---|---|---|---|---|---|

|    |   |   |   |    |   |   |   |   |   |   |   |    |
|----|---|---|---|----|---|---|---|---|---|---|---|----|
| 14 | 5 | 4 | 5 | 18 | 9 | 7 | 8 | 5 | 9 | 4 | 5 | 14 |
|----|---|---|---|----|---|---|---|---|---|---|---|----|

|    |   |    |   |   |   |   |   |   |    |    |   |    |   |
|----|---|----|---|---|---|---|---|---|----|----|---|----|---|
| 19 | 5 | 12 | 6 | 2 | 5 | 8 | 5 | 5 | 18 | 19 | 9 | 14 | 7 |
|----|---|----|---|---|---|---|---|---|----|----|---|----|---|